


## Die Jerusalem arrestasie



### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 21; Romeine 2:28, 29; Galásiërs 5:6; Handelinge 22; Handelinge 23:1–30; Matthéüs 22:23–32.

#### Geheueteks:

“En die volgende nag het die Here by hom gestaan en gesê: Hou goeie moed, Paulus, want soos jy aangaande My in Jerusalem kragtig getuig het, so moet jy in Rome ook getuig” (Handelinge 23:11).

**K**ort na Paulus se eerste sendingreis, het dit duidelik geword dat daar ‘n fundamentele misverstand in die kerk was oor op watter voorwaardes die heidene tot die geloof toegelaat moes word (Handelinge 15:1–5). Omdat Paulus miskien bewus geraak het van die konflik wat aan die kom was, het hy ‘n plan uitgedink om eenheid in die kerk te bewerkstellig. Omdat hy by die raadsvergadering gevra was om die armes te onthou (Galásiërs 2:10), het hy besluit om die heidense gelowiges te vra om “wat die insameling vir die heiliges betref”, bydraes bymekaar te maak (I Korinthiërs 16:1), miskien hopende dat dit sou help om brûe tussen die twee groepe te bou. Dit verduidelik dalk hoekom hy so vasbeslote was om aan die einde van sy derde sendingreis na Jerusalem te kon gaan, afgesien van watter risiko dit ook vir hom ingehou het. Aan die anderkant, hy het sy mede-Jode opreg liefgehad (Romeine 9:1–5); en hy wou so graag ‘n eensgesinde kerk beleef (Galásiërs 3:28, 5:6). Aangesien Jode en heidene albei net deur geloof gered kon word en nie deur die werke van die wet nie (Romeine 3:28–30), sou enige sosiale vervreemding tussen hulle as gevolg van die seremoniële vereistes van die wet, gebots het met die evangelie se inklusiewe aard (Efésiërs 2:11–22). Kom ons kyk hoe Paulus hierdie nuwe fase van sy lewe en sending betree het.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 15 September.*

## Die ontmoeting met die leiers in Jerusalem

Toe Paulus in Jerusalem aangekom het, was hy hartlik deur die broeders ontvang wat met 'n sekere Mnason vriende was, en by wie hy sou tuisgaan (Handelinge 21:16, 17). In Handelinge 21:18–22 lees ons van Jakobus en die ouderlinge in Jerusalem se besorgdheid oor hoe die plaaslike gelowiges oor Paulus gevoel het omdat hulle die Mosaïese wette ywerig nagekom het. Hulle het gehoor dat hy die oorsese Joodse gelowiges van Moses afvallig gemaak het deurdat hy hulle geleer het dat “hulle die kinders nie moet besny nie en ook nie volgens die sedes moet wandel nie” (Handelinge 21:21). Dit was natuurlik nie waar nie. Wat Paulus hulle geleer het, was dat, met betrekking tot verlossing, beide die besnydenis of onbesnedenheid niks beteken het nie aangesien beide Jode en heidene alleen deur geloof in Jesus gered kon word (Romeine 2:28, 29; Galásiërs 5:6; Kolossense 3:11). Dit het verskil van om die Jode uitdruklik aan te moedig om die wet se vereistes te veronagsaam. Gehoorsaamheid is natuurlik nie opsigself 'n sinoniem vir wettiesheid nie, alhoewel dit opsetlik verdraai kan word om juis dit te beteken.

**Lees Handelinge 21:23–26. Hoe het Paulus gedemonstreer dat hy nog steeds 'n getroue Jood was?**

---

Paulus het raad ontvang dat hy polities korrek moes optree. Hy moes bewys dat die valse berigte nie waar was nie deur iets te doen wat baie Joods was: hy moes die Nasireërsgeefte van sommige van die Joodse gelowiges ondersteun. Hierdie geefte was tydens 'n spesiale toewydingeremonie gemaak wanneer 'n Jood homself aan God wou toewy. Ongelukkig het Paulus geswig voor die druk wat op hom uitgeoefen was. Helde, ook die wat in die Bybel genoem word, het ook hulle swakpunte soos ons in die lewens van Abraham, Moses, Petrus en verskeie ander gesien het. Dit kan ook gesê word dat Paulus maar net sy beginsels toegepas het, naamlik om soos 'n Jood op te tree wanneer hy met Jode te doen gekry het (I Korinthiërs 9:19–23), of dat hy, volgens die Skrif, nie lank voor hierdie gebeurtenis nie ook 'n geefte gedoen het (Handelinge 18:18), alhoewel dit in sy geval nie duidelik is watter soort geefte dit was nie. Hierdie keer was dit egter 'n kompromie wat hy aangegaan het, want dit het voorgekom of hy die onderliggende wettiese motiewe goedgekeur het. Die implikasie van so 'n gesindheid was presies wat die apostel vuriglik probeer teenstaan het, naamlik dat daar twee evangelieboodskappe is, een vir die heidene, verlossing deur geloof, en 'n ander een vir die Jode, verlossing deur werke. “... Die Gees van God het daardie raad nie ingegee nie;...” — Ellen G. White, *Die Handelinge van die Apostels*, bl. 319.

**In ons pogings om toepaslik op te tree, hoe kan ons versigtig wees om nie 'n soortgelyke fout te maak nie?**

---

## Die oproer in die tempel

Deur die kerkleiers se voorstel te aanvaar, moes Paulus 'n reinigingsritueel ondergaan wat vir sewe dae aangehou het om die gelofte wat die manne gemaak het te ondersteun en tot voltooiing te bring (Númeri 19:11–13). Terselfdertyd het Joodse tradisie gestipuleer dat enige persoon wat van heidense lande afkomstig was, onrein sou wees en dus nie die tempel sou kon binnegaan nie. Dit is hoekom Paulus homself moes reinig voordat hy na die priester kon gaan om die Nasireërgelofte se reinigingsproses bekend te maak (Handelinge 21:26).

**Lees Handelinge 21:27–36. Wat het met Paulus aan die einde van sy sewe-dae reinigingsperiode gebeur?**

---

'n Oproer het daarop gevolg. Dit was veroorsaak deur diegene wat die skare teen Paulus in opstand gebring het. Hulle het hom beskuldig dat hy die heiligste simbole van die Joodse godsdiens skade aangedoen het, en meer spesifiek, dat hy die tempel verontreinig het. Omdat Paulus se een reisgenoot 'n heidense gelowige van Éfese met die naam van Trófimus was (Handelinge 21:29), het hulle gedink dat Paulus hom in die binnehof ingeneem het waar net Jode toegelaat was. Indien die beskuldiging waar was, sou Paulus skuldig gewees het aan 'n baie ernstige oortreding. Oral op die muur wat die buitenste hof van die binnehof geskei het, was daar kennisgewings in Grieks en Latyn wat besoekers gewaarsku het om nie verder in te gaan nie, want dan sou hulleself vir hulle daaropvolgende dood verantwoordelik gewees het. “Volgens die Joodse wet was dit 'n misdad wat met die dood strafbaar was vir 'n onbesnede persoon om die binnehof van die heiligdom te betree. Paulus is in die geselskap van Trófimus, 'n Efesiër, gesien, en daar is veronderstel dat hy hom in die tempel ingebring het. Hy het dit nie gedoen nie, en omdat hy self 'n Jood was, was dit geen oortreding van die wet vir hom om in die tempel in te gaan nie. Maar alhoewel die beskuldiging heeltemal vals was, het dit gedien om die vooroordeel van die gepeupel aan te blaas. Toe die geroep deur ander opgeneem en orals in die tempelhowe gehoor was, het die skare wat saamgedrom het opgewerk geraak ....” — Ellen G. White, *Die Handelinge van die Apostels*, bl. 321. Toe die nuus van die oproer die Romeine se kamp bereik het, het die Romeinse owerste, Claudius Lísias (Handelinge 21:31, 32; 23:26), soldate geneem en Paulus gaan red voordat die skare hom kon doodmaak. Omdat hy die teiken van die aanvalle was, was Paulus gearresteer en met kettings geboei terwyl die owerste probeer uitvind het wat aangaan. Weens die rumoer van die skare het hy bevel dat die apostel na die kamp geneem moes word.

**Die oorsaak van hierdie oproer was valse gerugte. Hoekom moet ons versigtig wees met die tipe gerugte waarna ons luister, of selfs nog erger, wat ons versprei?**

## Voor die volk

In Handeling 21:37–40 lees ons wat volgende gebeur het. Terwyl Paulus na die Romeinse kamp geneem was vir ondervraging, het hy die owerste toestemming gevra om die mense wat al skreeuende geëis het dat hy doodgemaak moes word, toe te spreek. Terwyl hy met die owerste in Grieks gekommunikeer het, het laasgenoemde gedink dat Paulus 'n sekere Jood van Egipte was wat so drie jaar gelede 'n rewolusie in Jerusalem teen Romeinse besetting gelei het. Die rewolusie was egter deur die Romeinse magte stopgesit; baie van sy volgelinge was of doodgemaak of gearresteer, terwyl die Egiptenaar gevlug het. Nadat hy gesê het dat hy van Tarsus afkomstig was en nie van Egipte nie, het Paulus toestemming ontvang om die skare toe te spreek. In sy toespraak het hy nie die aanklagte teen hom teengestaan nie (Handeling 21:39), maar hy het hulle die verhaal van sy bekering vertel, en sy toewyding aan Judaïsme beklemtoon deur na sy vervolging van Jesus se volgelinge te verwys. Nadat die Here 'n paar keer aan hom verskyn het, het hy geen keuse gehad as om ook 'n volgeling van Jesus te word nie. Dit was die rede vir sy ommekeer en vir sy roeping om vir die heidene te gaan preek. Paulus het sy eie ondervinding aan hulle vertel en hoekom hy dit gedoen het, liever as om in 'n teologiese bespreking betrokke te geraak het.

**Lees Handeling 22:22–29. Hoe het die gepeupel op Paulus se verklaring dat hy geroep was om 'n apostel vir die heidene te wees, gereageer?**

---

---

---

---

Die besluit om Paulus te laat praat, het nie goed uitgewerk nie. Deur na sy roeping na die heidene te verwys, het hy blykbaar die waarheid oor die aanklagte teen hom, bevestig (Handeling 21:28), en die skare weer kwaad gemaak. Die Romeinse owerste het blykbaar nie alles verstaan wat Paulus gesê het nie; daarom het hy besluit om hom te laat gésel en verder te ondersoek. Maar, behalwe dat hy 'n volbloed Jood was (Filippense 3:5), het Paulus ook Romeinse burgerreg gehad, en toe hy dit noem, het die owerste opgehou. Omdat hy 'n Romeinse burger was, was dit nie geoorloof om Paulus te martel nie.

**Lees Paulus se toespraak (Handeling 22:1–21). Watter bewys sien jy dat, behalwe dat Paulus homself verdedig het, hy ook vir sy mede-Jode gepreek het? Hoekom het hy sy bekeringsondervinding vertel? Hoekom maak bekeringsverhale so 'n kragtige indruk?**

## Paulus voor die Joodse Raad

Toe die Romeinse owerste besef het dat Paulus geen bedreiging vir die Romeinse Ryk ingehou het nie, m.a.w., dat die vraagstuk net nóg een van die interne dispute van die Jode was, het hy die saak na die Joodse Raad verwys (Handelinge 22:30; 23:29).

### **Lees Handelinge 23:1–5. Hoe het Paulus sy verdediging voor die Joodse Raad begin?**

---

Paulus se inleidende verklaring het daartoe gelei dat hy ‘n hou op sy mond gekry het, miskien omdat hy as ‘n gevangene na God verwys het en dit godslasterlik geklink het. Sy impulsiewe reaksie gee ons ‘n kykie oor watter tipe temperament hy gehad het. Deur die hoëpriester ‘n “gewitte muur” te noem (Handelinge 23:3), het hy eintlik Jesus se veroordeling van die Fariseërs se skynheiligheid in Matthéüs 23:27 herhaal. Maar, aangesien Paulus nie werklik geweet het dat hy met die hoëpriester gepraat het nie, vergroot dit die moontlikheid dat hy nie mooi kon sien nie.

### **Lees Handelinge 23:6–10. Hoe het Paulus sy vernuf gebruik om die verloop van die vergadering te onderbreek?**

---

Die Joodse Raad het uit beide Sadduseërs en Fariseërs bestaan wat oor ‘n hele aantal kwessies nie saamgestem het nie, en leerstellings was deel daarvan. Die Sadduseërs, byvoorbeeld, wat net die eerste vyf boeke van Moses (die Pentateug) as Skrif erken het, het nie in die opstanding van die dode geglo nie (Matthéüs 22:23–32). Paulus se verklaring (Handelinge 23:6) was egter meer as slim taktiek om die Raad se aandag weg te lok van die onderwerp af. Aangesien sy ontmoeting met die verrese Jesus op die Damaskuspad die fondament van sy bekering en apostoliese bediening was, was die opstanding eintlik die werklike kwessie waaroor hy aangekla was (Handelinge 24:20, 21; 26:6–8). Niks anders as dit kon verduidelik hoe hy sy vorige ywer verander het na wat hy nou geword het nie. As Jesus nie uit die dode opgewek was nie, dan was sy bediening niks werd nie, en hy het dit ook geweet (I Korinthiërs 15:14–17). Daardie nag in die Romeinse kamp het die Here toe aan hom verskyn met hierdie bemoediging: “ ‘Hou goeie moed, Paulus, want soos jy aangaande My in Jerusalem kragtig getuig het, so moet jy in Rome ook getuig’ ” (Handelinge 23:11). Gegewe die omstandighede, kon so ‘n belofte vir Paulus baie beteken het. Sy langgekoesterde wens om in Rome te preek (Handelinge 19:21, Romeine 1:13–15, 15:22–29), sou nog toegestaan word.

## Oorplasing na Cesaréa

Weens die feit dat hulle nog nie daarin kon slaag om van Paulus op 'n wettige wyse ontslae te kon raak nie, het 'n groep manne beplan om hom voor te lê en dood te maak.

**Lees Handeling 23:12–17. Wat was hulle plan en hoe was dit in die wiede gery? Wat leer dit ons oor hoe driftig en emosioneel mense oor 'n verkeerde saak kan raak?**

---

Die feit dat meer as veertig Jode teen Paulus saamgesweer het en 'n eed geneem het om hom dood te maak, onthul hoeveel haat die apostel in Jerusalem teen homself aangewakker het. Lukas noem nie die identiteit van hierdie manne nie, maar hulle was ekstremiste wat gewillig was om alles moontlik te doen om die Joodse geloof teen beweerde verraaiers en vyande te beskerm. Sulke godsdienstige fanatisme saam met revolusionêre en nasionalistiese vurige ywer, was nie ongewoon in die eerste-eeuse Judéa nie. Op een of ander wonderbaarlike manier deur die Voorsienigheid, het hierdie hinderlaag nuus Paulus se susterskind bereik. Dit is ietwat teleurstellend dat ons amper niks weet van Paulus se familie nie, maar blykbaar het hy en sy suster in Jerusalem grootgeword (Handeling 22:3) waar sy getrou het en ten minste een seun gehad het. In elk geval, Paulus se susterskind – die verkleinwoord neaniskos (Handeling 23:18, 22) en die feit dat hy deur die owerste by die hand geneem was (Handeling 23:19), impliseer dat hy nog 'n tiener was — het daarin geslaag om hom in die kamp te besoek en die storie aan hom te vertel.

**Lees Handeling 23:26–30. Watter boodskap het die owerste Lísias aan Goewerneur Felix oor Paulus gestuur?**

---

Die brief het aan Felix 'n regverdige verslag van die situasie verskaf. Dit het ook getoon hoe Paulus baat gevind het by sy Romeinse burgerskap. Die Romeinse wetgewing het sy burgers ten volle beskerm en byvoorbeeld aan hulle die reg gegee om voor 'n hof verhoor te word om hulleself te verdedig (Handeling 25:16), en ook die reg om hulle op die keiser te beroep indien die verhoor onregverdig sou wees (Handeling 25:10, 11). Ongeag wat daar oor Felix gesê word, het hy Paulus behoorlik ontvang en wetlik reg hanteer. Na ondervraging het hy beveel dat Paulus onder bewaking gehou moes word totdat sy beskuldigers gearriveer het.

**Dink na oor God se voorsienigheid in Paulus se lewe. Hoe dikwels het jy al in nederigheid God se voorsienigheid in jou eie lewe herken ten spyte van die beproewing en lyding waardeur jy gegaan het?**

## Vir verdere studie:

“By hierdie geleentheid het Paulus en sy metgeselle die bydraes van die heidense gemeentes vir die ondersteuning van die armes onder die Joodse broeders formeel aan die leiers van die werk in Jerusalem afgegee . . . ” Hierdie vrywillige offergawes was ‘n teken van die getrouheid van die bekeerlinge onder die heidene teenoor die georganiseerde werk van God rondom die wêreld, en moes, deur almal met dankbare erkentelikheid ontvang gewees het, nogtans was dit vir Paulus en sy metgeselle duidelik dat daar selfs onder diegene voor wie hulle nou gestaan het sommige was wat nie die gees van broederliefde kon waardeer wat tot hierdie geskenk aanleiding gegee het nie.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 315. “As die leiers van die kerk hulle gevoel van bitterheid teenoor die apostel heeltemal prysgegee en hom aanvaar het as een wat spesiaal deur God geroep was om die evangelie aan die heidene te verkondig, sou die Here hom vir hulle behou het. God het dit nie verorden dat Paulus se werk so spoedig ten einde sou loop nie, maar Hy het geen wonderwerk verrig om die reeks gebeurtenisse waartoe die optrede van die leiers in die gemeente te Jerusalem aanleiding gegee het, teen te werk nie. “Dieselfde gees gee nog tot dieselfde gevolge aanleiding. Nalatigheid om die voorsienighede van Goddelike genade te waardeer en te benut, het die kerk van talle seëninge beroof. Hoe dikwels sou die Here die werk van ‘n getroue predikant verleng het as sy werksaamhede gewaardeer was! Maar as die kerk toelaat dat die sielevyand die begrip van die lede verstoor, sodat hulle die woorde en dade van die dienaar van Christus misverstaan en verkeerd voorstel; as hulle toelaat dat hulle self in sy weg staan en sy bruikbaarheid aan bande lê, dan neem die Here soms die seëninge weg wat Hy gegee het . . . ” “Nadat die hande op die lewlose bors gelê is, wanneer die stem van waarskuwing en bemoediging stil is, dan kan die verhardes miskien wakker skrik en die seëninge wat van hulle weggeneem is, insien en waardeer. Hulle dood kan miskien verrig wat hulle lewe nie kon doen nie.” — bl. 329.

## Vrae vir bespreking:

1. Deur na Jerusalem te gaan, wetende dat hy nie welkom was nie, het Paulus die belange van die kerk bo sy eie persoonlike belange geplaas. In hoeverre behoort ons sy voorbeeld te volg?
2. Wat kan ons uit Paulus se kompromie in Jerusalem leer? Hoe kan ons polities korrek optree sonder om die beginsels wat ons lewe rig, op te gee? Of, is dit wel moontlik?
3. Kerkeenheid is altyd baie belangrik. Hoe kan ons leer om as ‘n eenheid saam te werk wanneer ons dinge verskillend sien?